12 DESEMBER **SKRIFGEDEELTE: DANIËL 9**
FOKUSGEDEELTE: DANIËL 9:18

Bely u sonde in verwagting op God se barmhartigheid

Daniël is reeds ‘n ou man en Darius, ‘n Mediër, is as nuwe koning oor die Galdese ryk aangestel. Dit is reeds 69 jaar na die begin van die ballingskap en uit die Skrif ken Daniël die belofte van God dat Israel na 70 jaar sal terugkeer na Jerusalem.

Grondige Bybelstudie dwing die gelowige tot gebed en verootmoediging voor die Heilige, liefdevolle God. Daniël weet dat skuld wat nie bely word nie, die vervulling van God se beloftes terughou. Hy vas, trek rouklere aan, gooi as oor sy kop en bid ten spyte van lewensgevaar (die ervaring in die leeukuil het in dieselfde jaar plaasgevind).

Ware skuldbelydenis vestig die aandag op dit wat jy gedoen het, erkenning dat God regmatig gestraf het, erkenning van jou sondige aard en geneigdheid om nie na die Woord (profete) te luister nie. Daniël aanvaar ook verantwoordelikheid vir die sonde van die verbondsvolk en sluit hom by hulle in. Hy is nie besig met die sonde van die onderdrukker nie, maar met sy eie en dié van die volk.

Hy pleit op grond van God se genade en barmhartigheid en vra uitkoms ter wille van sy naam op grond van sy beloftes en dade in die geskiedenis. Opregte skuldbelydenis ontsluit die barmhartigheid van God en Hy stuur Gabriël om die volkome verlossing op God se tyd te bevestig, ten spyte van lyding en swaar wat nog gaan kom. Dit is vervul in die menswording van Jesus Christus. In Hom sien ons die heerlikheid, wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

Sing: Psalm 130:1, 2 (p. 640) *Dr Sarel van der Merwe (Duineveld)*